Om ’n beroep te kies ...

Weet jy ...

- Wat jy graag eendag wil word?
- Watter beroep jy beplan om na te streef?
- Watter vakke jy sal moet neem?
- Waar jy wil studeer?
- Hoe jy vir jou studies sal betaal?

Is jy in staat om:

- Goeie beplanning vir jou toekoms te doen?
- Ingeligte besluite oor ’n beroep te maak?
- Goeie keuses te maak?

LAAT DIE WKOD JOU HELP ...

Hierdie boek is vol inligting oor VOO-vakke en moontlike beroepe waarna jy kan streef indien jy hierdie vakke gekies het.
Die vakke wat jy gekies het, kan lei na ’n verskeidenheid beroepsvelde waarbinne jy ’n magdom beroepe sal vind waaruit jy kan kies, onder andere:
Tale en kommunikasie: uitgewer, skrywer, interpreteerder, joernalis, vertaler

Visuele Kunste en Ontwerp: kunsonderwyser, kunstenaar, advertensie, klereontwerper, tandtegnikus

Uitvoerende Kunste: akteur, komediant, platejoggie, grimeerkunstenaar, televisie-vervaardiger

Bemarking en verkope: advertensie, entrepreneur, mode-aankoper, toerisme en reis

Bestuur en Beplan: administratiewe amptenaar, geleentheidsbestuurder, projekbestuurder

Finansiële Bestuur: rekenmeester, ouditeur, tesourier, kredietkontroleerder, makelaar

Klerklik en Sekretarieel: sekretaris, ontvangsdame, datavaslegger, proefleser

Plante en Diere: toerleier, landboukundige, bioloog, tuinboukundige, dierkundige

Sport: biokinetikus, sportafrigter, fiksheidsfarigter, persoonlike afrigter, skeidsregter

Ambagte: landboukundige tegnikus, skrynwerker, kopersmid, slotmaker, sweiser

Ingenieurswese: lugverkeerkontroleur, tekenaar, siviele ingenieur, meganiese ingenieur

Wetenskappe: biogenetikus, kartograaf, apteker, fisikus, grondwetenskaplike, kerningenieur

Rekenaars: besigheidstelsels, stelselanaliseerder, rekenaar hardeware/sagteware ingenieur

Gesondheidsdienste: tandarts, dermatoloog, internis, mediese dokter, sielkundige

Gesondheids-ondersteuningsdienste: dieetkundige, gesondheidswerker, verpleegster, arbeidsterapeut

Sosiale Wetenskappe: ambassadeur, uitgewer, historikus, politieke wetenskaplike, maatskaplike werker

Wette: prokureur, advokaat, ondersoeker, buitelandse sake amptenaar, openbare beskermer

Opvoedkundige en Ondersteuningsdienste: au pair, beroepsvoorligter, onderwyser, bibliotekaris

Kreatiewe Dienste: spysenier, kok, graveur, haarkapper, hotelbestuurder, letterskilder

Algemene dienste: lugwaardin, haarkapper, motorbestuurder, skoonmaker, meterleser, huurmotorbestuurder

Wetstoepassing en beskermingsdienste: polisieman, soldaat, verkeersbeampte

Vind ’n beroep wat sal pas by die vakke wat jy gekies het. Indien jy onseker is of jou belangstellings en talente tot ’n beroep sal lei, is dit belangrik dat jy die belangstellingsvraelys or self-eksplorasie oefening voltooi wat deel is van die inligting in die PACE beroepsentrum se CD of die PACE Beroepsentrum se gids. Die PACE-inligting is by jou skool beskikbaar. Dit is belangrik dat jy die beroepe navors om antwoorde op al jou vrae te vind.
Die belangstellingsvraelys stel jou in staat om JA/NEE op 105 vrae oor jou belangstellings te antwoord. Dit is vrae oor dinge waarvan jy hou/nie hou nie, jou belangstellings, jou persoonlikheid, ens. Nadat jy die vraelys voltooi het, verskyn 'n profiel van die loopbaanrigtings waarin jy belang sal stel, gebaseer op jou antwoorde. Die loopbaangids bevat 'n lys van 21 loopbaanrigtings, maar daar kan meer wees. Die loopbaanrigtings is gerangskik vanaf dit waarin jy die meeste tot die minste belangstelling toon. Nou kan jy die rigting navors om vas te stel in watter loopbaan jy die meeste belang stel en daarna spesifieke beroepe navors. Gesels met die Lewensoriëntering-onderwysers by die skool. Hulle is in staat om jou met meer inligting rondom moontlike beroepe te help.